

DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING
VAN SUID AFRIKA

# NUUSFLITS

17 JANUARIE 2025

## AGS Kollega,

### 1. JANUARIE 2025: MAAND VAN GEBED EN VAS

Die AGS van SA wy die hele Januarie maand aan Gebed en Vas. Daar sal 'n fokus week wees vanaf 20-26 Januarie 2025 met die tema: **Soek God se teenwoordigheid**. Gedurende hierdie week sal die Nasionale Ampsdraers (NOB) m.b.v. kort video grepe 'n beroep op gelowiges doen om ons verbintenis met die Here te verdiep deur ons harte in lyn te bring met God se wil, Sy leiding te vertrou en Hom in elke besluit te erken.

Die week sal genesing en herstel in ons geloof, liggame, verstand en verhoudings beklemtoon, gebaseer op die belofte van Christus se offer vir ons heelheid. Dit nooi almal uit tot gebed vir persoonlike en gemeenskaplike herlewing, wat vreugde en geestelike vernuwing aansteek. Maak asseblief seker dat julle as gemeente genoeg tyd opsy sit vir hierdie belangrike deel van ons lewe as gelowiges: Gebed en vas.




## HULPBRONNE

**AGS van SA Kalender 2025 (Opgedateer: AGS Welsyn & NCM Datums):**
https://afm-ags.org/2025-afm-of-sa-calendar/

**'n Nuwejaars Boodskap vir 2025 – Dr Henri Weideman:**
https://youtu.be/T8jVCPhtM70

Skakel in by ons:



## 2. NOB BEMAGTIGINGS BESOEKE 2025



Tydens die 2025 NOB-streeksbesoeke sal die volgende aangespreek word: **Goddelike Genesing, Kerkgroei, Evangelisasie en Missionale aksie vir Impak op die volgende Generasie**.




Daar sal ook 'n sessie spesifiek vir Pastore en hul gades wees. Dit sal fokus op die balansering van bediening en die alledaagse lewe. Maak asseblief seker dat jou skedule so beplan word dat jy deel sal wees van hierdie interaksie.

Vriendelike Groete!
Henri Weideman

| | | |
|---|---|---|
| **FEB 7-8** | **Cape Town** | AFM Friend of God (Goodwood) |
| **FEB 7-8** | **Free State** | Doxa Deo Fichardpark (Bloemfontein South) |
| **FEB 14-15** | **Kwazulu Natal** | Kingsway Ministries Amanzimtoti (Durban) |
| **FEB 14-15** | **East London** | AGS Gees en Lewe Gemeente |
| **FEB / MARCH 28-1** | **Limpopo** | Taberna Dei Ooskampus (Polokwane) |
| **FEB / MARCH 28-1** | **Mpumalanga** | Lighuis Gemeente Middelburg |
| **APRIL 11-12** | **Gauteng** | Doxa Deo Raslouw (Centurion) |
| **APRIL 11-12** | **North West** | Oase Gemeente (Klerksdorp) |
| **MAY 9-10** | **Northern Cape** | AGS Lofoord Upington |
| **MAY 9-10** | **Eastern Cape** | Lighuis Christelike Sentrum Despatch |

**DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SUID-AFRIKA**

**Nasionale Kantoor**
Gebou nr. 14, Central Office Park, Jean Laan 257, Centurion, Gauteng, Suid-Afrika
Posbus 9450, Centurion, 0046
Tel: +27 12 644 0490 | Fax: +27 12 644 0732/4
www.afm-ags.org

**Skakel in by ons:** YouTube